**Vrydag 14 April**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:7-16**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:7, 11-13**

**Bediening tot handhawing van die kerk se eenheid in opbou**

Die Drie-enige God aan Wie die kerk haar bestaan te danke het, en knielend voor die Vader in gebed oor die kerk (1:3-21), lê ten grondslag aan die oproep om die eenheid van die kerk te handhaaf (4:1-6). Hierop volg die bediening tot handhawing van die kerk se eenheid in opbou as God se wyse van bediening hiertoe (4:7-16).

Elke gelowige is die ontvanger van ’n genadegawe volgens die mate waarin die verheerlikte Christus dit uitdeel (4:7, 8). Verskillende gawes word in Romeine 12:6-8 en 1 Korintiërs 12:8-10 genoem. Die doel hiervan staan geensins in diens van persoonlike bevoordeling nie, maar in diens van die kerk se eenheid in haar opbou. Gelowiges moet hulle van hulle gawes vergewis vir die taak om die gemeente in eenheid met mekaar op te bou (4:16).

Hierdie doel verskerp in die gawes van besondere dienste (4:11). Ampsdraers moet noukeurig daarop let dat hulle dienswerk in diens daarvan staan om die gelowiges vir hulle dienswerk in die opbou van die liggaam van Christus toe te rus. Hiervolgens word die kerk op die weg van groei in verhouding tot Christus (die Hoof) geplaas; om meer tot die eenheid in geloof en kennis van Hom – tesame met die onderskeiding tussen goed en kwaad (4:14) – te kom. Hierdie wyse van bediening het as hemelse bestemming om aldeur te groei om “volmaak en volwasse soos Christus” te wees (4:13).

Waarmee hou ons ons in ons betrokkenheid by die kerk besig? Is die fokus in die geloof op God en die bevorderende opbou van sy gemeente gerig? Hoe moet die bediening lyk? Wat is die doel waarmee bedien moet word? Slim antwoorde is nie nodig nie. Die Drie-enige God gee in gawes Self alles wat nodig is. In sy Woord sê Hy Self hoe sy kerk toerustend bedien moet word tot groei uit en na Christus toe.

Bid dat die Here oë sal oopmaak vir sy wyse van bediening tot handhawing van sy kerk se eenheid in opbou. En dat ons ons sal laat opbou binne die eenheid van die kerk waarbinne die Drie-enige God ons in sy genade saamgebind het.

*Sing: Psalm 68-1:8*
*Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (emeritus)*